

GAUTENG DEPARTMENT OF EDUCATION



GEDRAGS- EN DISSIPLINÊRE KODE

VAN

HOËRSKOOI DRIEHOEK

VISIE EN MISSIE

Visie

Die Skool van keuse waar jy 'n verskil kan maak en deel kan word van 'n trotse identiteit en karakter. By Hoekies leef ons Christelike waardes en norme uit en fokus ons op die ontwikkeling van gebalanseerde jongmense wat hul plek in die samelewing kan vol staan. Karaktervorming en die ontwikkeling van elke leerder is vir ons prioriteit en ons strewe is altyd om te oorwin deur volharding.

Missie

Hoërskool Driehoek is ten volle verbind om leerlinge toe te rus om hul roeping te vervul deur kwaliteit onderrig in vennootskap met alle belangegroepe deur effektiewe benutting van alle hulpbronne.

AFDELING 1 – INLEIDING EN GEDRAGSKODE

1. DOEL EN REGSKRAG

- 1.1 Ingevolge die bepalings van Artikels 8(1), (2), (3), (4) en (5) van die Suid-Afrikaanse Skolewet 1996, Wet 84 van 1996, moet die Beheerliggaam van die skool toesien dat 'n Gedrags- en Dissiplinêre Kode (die Kode) vir die skool daargestel en geïmplementeer word. Elke leerder is onderworpe aan die bepalings van die Kode en verbind hom/haar tot die nakoming daarvan.
- 1.2 Hoërskool Driehoek maak aanspraak op elke leerder se positiewe gesindheid en trots teenoor die skool. Leerders en hul ouers moet die Kode beskou as riglyne vir gedrags-optrede binne en buite die skool en daar word van hulle verwag om die Kode noudeset na te kom. Hoërskool Driehoek verwag van elke leerder om trots te wees op sy/haar skool en op die skooldrag om sodoende die goeie beeld van die skool uit te dra en te bou.
- 1.3 Die Kode is ondergeskik aan wetgewing, maar het regskrag. Die Kode geld vir alle ingeskrewe leerders van Hoërskool Driehoek en vir alle geleenthede en plekke waar leerders, met skooldrag of gewone drag, die skool verteenwoordig.
- 1.4 Die doel van die Kode is om:**
- 1.4.1 aanvaarbare riglyne neer te lê ten opsigte van leerdergedrag en om sodoende ordelike en effektiewe onderrig moontlik te maak;
- 1.4.2 tugmaatreëls neer te lê wat van die gedragskode sou afwyk;
- 1.4.3 te verseker dat sodanige tugmaatreëls gestipuleer word, ouers en opvoeders se griewe hanteer word.

2. GEDRAGSKODE

Die Christelike Godsdiens, soos vervat in die Woord van God, dien as uitgangspunt en basis vir die norme en waardes wat in die skool gepropageer en onderskryf word. Dit word gedoen met inagneming van en met die nodige sensitiwiteit teenoor mense wat moontlik 'n ander religieuse agtergrond of kultuur het.

Voortvloeiend hieruit heg ons hoë waardes aan:

- * eerlikheid, opregtheid en respek vir andere;
- * hoflikheid, netheid en goeie maniere;
- * 'n gemeenskaplike trots op ons skool, kultuur en tradisies;
- * die nut van toegewyde werk, stiptelikheid, pligsgetrouheid, verantwoordelikheid en die selfdissipline wat daardeur ontwikkel word;

- * die versorging en ontwikkeling van ons liggame en gesondheid;
- * 'n gebalanseerde lewenswyse deur deelname aan verskillende opbouende aktiwiteite;
- * die ontwikkeling tot volle potensiaal van elke individu.

Elkeen van hierdie waardes en norme vind gestalte in die beginsels wat ons vir onself stel. Dit word weerspieël in die basiese gesindhede wat ons gedrag bepaal.

- * Ons volg die werkprogram wat deur die onderwysowerhede bepaal is, asook die opvoedingsprogram en praktiese reëlins wat deur die skool bepaal word.
- * Ons werk saam sodat onderrig-aktiwiteite tot almal se voordeel kan geskied en algemene orde in die skool gehandhaaf kan word.
- * Ons distansieer onself van enige oneerlikheid of pogings tot oneerlikheid.
- * Ons wil graag die balans tussen die akademiese en buitemuurse program van die skool bevorder.
- * Ons weerstaan die gebruik van dwelmmiddels of enige ander skadelike stof en bekamp die gebruik en verspreiding daarvan.
- * Ons respekteer mekaar se eiendom, ons skoolgebou, toerusting en terrein en sorg dat dit altyd netjies is.
- * Ons eerbiedig die gesag wat oor ons aangestel is.
- * Dit is vir ons belangrik om ons nasionale simbole en die simbole van ons skool te eerbiedig.
- * Ons ondersteun enige dissiplinêre stappe wat sal lei tot bekamping van kriminele oortredings.
- * Ons aanvaar dat die oortredings van skoolreëls strafbaar is.

3. ALGEMENE DOELWITTE EN REËLS

3.1 Optimum benutting van leerdertyd.

Doelwit: Om, in samewerking met ouers en personeel, toe te sien dat leerders hul tyd optimaal benut

3.1.1 Afwesigheid

- 3.1.1.1 Leerders mag slegs weens siekte of 'n ander goeie rede van die skool afwesig wees.
- 3.1.1.2 Ouers/voogde moet, waar enigsins moontlik, die skool voor die tyd in kennis stel as hulle kind die dag nie teenwoordig kan wees nie.
- 3.1.1.3 'n Leerder wat afwesig was, moet op die eerste dag wat hy/sy weer teenwoordig is, 'n brief van sy/haar ouers bring waarin die rede vir afwesigheid aangegee word. Die brief moet gedurende die registerperiode aan die betrokke voogonderwyser oorhandig word.

3.1.1.4 'n Leerder wat afwesig was gedurende 'n toets/eksamen, moet 'n doktersertifikaat by die voogonderwyser indien en moet self binne drie dae nadat hy/sy weer teenwoordig is, met die betrokke personeellid reël vir 'n "siektetoets". In geval van begrafnisse vra ons dat die kind asseblief eers kom eksamen skryf – veral waar dit nie naby familie is nie. Geen voorsiening word gemaak vir ballet-, dans- of enige ander eksamens buite skoolverband nie. Dit moet asseblief met die buite-instansies gereël word.

3.1.1.5 Indien nodig, sal die rede vir afwesigheid deur die voogonderwyser opgevolg word.

3.1.2 Verlaat van skoolterrein gedurende skoolure.

3.1.2.1 Geen leerder mag die skoolterrein tydens pouses of enige ander tyd sonder die skoolhoof of 'n adjunkhoof se skriftelike toestemming verlaat nie. Afsprake buite skoolverband van watter aard ook al, moet verkieslik na skoolure of in vakansietye gereël word.

3.1.2.2 'n Leerder wat gedurende skooltyd die terrein wil verlaat, moet gedurende voogperiode 'n brief van sy/haar ouers waarin redes vir sodanige afwesigheid verstrekk word, deur die adjunkhoof laat teken.

3.1.2.3 Dié brief moet dan by die administratiewe kantoor ingehandig word en dokumentasie voltooi word voor die leerder die skoolterrein verlaat.

3.1.2.4 So 'n leerder moet by die skool afgehaal word deur die ouer(s), voog of 'n persoon wat deur die ouers aangewys is. Indien 'n leerder voor 10 uur die skool verlaat, word daardie leerder vir die dag afwesig gemerk.

3.1.3 Laatkom

3.1.3.1 Geen leerder mag laat by die skool aankom nie en leerders moet soggens betyds by die skool wees vir opening. Die eerste klok lui om 07:25 om aantree op die vierkant of by die saal aan te dui. Leerders moet dan reeds by die skool wees.

3.1.3.2 Indien 'n leerder laat opdaag, moet hy/sy eers by die kantoor aanmeld.

3.1.4 Telefoongebruik

3.1.4.1 Geen selfone mag gedurende skoolure deur 'n leerder gebruik word nie, slegs deur toestemming van 'n personeellid in 'n noodgeval.

Geen leerder sal hul selfoon ontvang na die 3de inhandiging nie, ouers sal geskakel word om persoonlik die selfoon te ontvang.

Misbruik van skool internet: Leerder sal vir 1 kwartaal verban wees om die skool se internet te gebruik. Gedragskode by voeg van -20 vir internet misbruik.

3.2 Inoefening van leerwerk en ontwikkeling van selfdissipline

Doelwit: Om vir elke leerder optimale geleentheid en fasiliteite te skep vir die inoefening van leerwerk en sodoende die nodige selfdissipline in dié verband by leerders te kweek en te ontwikkel.

3.2.1 Huiswerk

- 3.2.1.1 Elke leerder kry in die skool die geleentheid om te leer om selfstandig te werk. Dit is nie beperk tot skriftelike werk nie. 'n Pliigsgetroue leerder sal nooit kan beweer dat hy/sy geen huiswerk het nie.
- 3.2.1.2 Werk wat in die klas behandel is, moet tuis oorgegaan word om seker te maak dat die leerder dit verstaan en ken.
- 3.2.1.3 Leerders word ook sterk aangeraai om wyer te lees as hulle handboeke.
- 3.2.1.4 Alle huiswerk moet ingeskryf word in die werksplan by die datum wanneer dit gereed moet wees.
- 3.2.1.5 Elke leerder moet 'n werksplan hê en die werksplan moet gedurende skoolure altyd in die leerder se besit wees.

3.3 Beskerming van skool- en leerdereïendom

Doelwit: Om 'n kultuur in die skool en daarbuite te skep waarin die skool en mede-leerders se eiendom gerespekteer word en waarin vernieling en vandalisme bekamp word.

3.3.1 Skooleiendom

- 3.3.1.1 Elke leerder is mede-verantwoordelik om die klaskamers, kleedkamers, stoepe en terrein netjies en skoon te hou. Graffiti, in enige vorm, word ten strengste verbied.
- 3.3.1.2 Geen artikels mag uit kleed- of klaskamers of van die skoolterrein verwyder word sonder die toestemming van 'n personeellid nie.
- 3.3.1.3 Die skoolgeboue, meubels en apparaat moet opgepas word en mag onder geen omstandighede beskadig word nie. Vandalisme, van enige aard, is 'n ernstige oortreding en daar sal streng volgens die dissiplinêre kode teen enige leerder opgetree word wat skooleiendom beskadig of misbruik.
- 3.3.1.4 Leerders moet alle handboeke wat aan hulle uitgereik word, van 'n goeie oortreksel voorsien en oppas. As 'n handboek verlore raak, moet die leerder 'n ander boek in die plek daarvan koop of geld daarvoor inbetaal by die skool.

- 3.3.1.5 Geen leerder mag met die rekenaars peuter of stellings van enige aard daarop verander, indien dit nie in opdrag van 'n personeellid geskied nie. Alle media wat op skoolrekenaars gelaai word, moet eers deeglik getoets word voordat dit gebruik word en geen programme van enige aard mag sonder toestemming van die betrokke personeellid gelaai word nie.

Omdat die rekenaarsentrum 'n groot kapitaalbelegging is wat deur fondse vanaf die ouerkorps daargestel is, sal daar streng opgetree word teen leerders wat hierdie toerusting beskadig of buite werking stel deur die laai van skadelike programme of data.

Vandalisme van skool eiendom:

Leerder kan tot 7 dae tydelike skorsing ontvang. Skorsing sal gekanselleer word wanneer ouers binne die dae van skorsing in kom skool toe. Leerder word verantwoordelik gehou vir die beskadiging en -120 Negatiewe punte sal toegeken word aan die leerder.

3.3.2 Persoonlike eiendom

- 3.3.2.1 Elke leerder is self vir sy eiendom verantwoordelik en die Beheerliggaam of skool kan nie verantwoordelik gehou word vir enige artikels van 'n leerder wat verlore raak of beskadig word nie. Indien 'n leerder 'n artikel vind wat aan iemand anders behoort, moet dit by die kantoor ingehandig word.
- 3.3.2.2 Indien 'n leerder iets verloor het, kan hy/sy daarvoor navraag doen by die kantoor.
- 3.3.2.3 Alle persoonlike artikels van die leerder moet duidelik gemerk word.
- 3.3.2.4 Skooltasse moet stewig wees en moet voldoende ruimte bied sodat handboeke en skrifte soos benodig, gerieflik ingepak kan word en ook voldoende beskerming ontvang. Tasse moet ook netjies wees.
- 3.3.2.5 Fietse en motorfietse moet gesluit word.

3.3.3 Mede-leerders se eiendom

- 3.3.3.1 Geen leerder mag sonder toestemming met 'n ander leerder se eiendom peuter, dit beskadig, verniel of wederregtelik vat of dit wegsteek nie.
- 3.3.3.2 Geen leerder mag sonder toestemming 'n ander leerder se eiendom leen of gebruik nie. Elke leerder moet sy/haar eie skryf- en tekenbehoefte besit.
- 3.3.3.3 Vandalisme van enige aard en peutery met ander se eiendom, is 'n ernstige oortreding.

Peuter van tasse/Diefstal:

Kameras sal gebruik word om leerders te identifiseer sodat daar bepaal kan word watter aksie om te neem. Leerders wat skuldig gevind word ontvang -180 negatiewe punte. Leerder kan tot 7 dae tydelike skorsing ontvang.

3.4 Dissipline, orde en respek vir gesagsdraers

Doelwit: Om 'n kultuur te vestig en te onderhou waarin daar dissipline, orde en wedersydse respek tussen leerders en meerderes is.

- 3.4.1 Leerders moet onder alle omstandighede beleefd teenoor mekaar en teenoor hulle meerderes optree.
- 3.4.2 Binne die klaskamer moet elke leerder ordelik optree en sy/haar deel bydra om te verseker dat die werk so goed en vinnig as moontlik afgehandel word.
- 3.4.3 Leerders moet klaskamers ordelik binnegaan en verlaat.
- 3.4.4 Geen leerder mag tydens 'n periode, sonder verlof van die klasonderwyser(es), buite 'n klaskamer wees nie.
- 3.4.5 Individuele onderwysers se klasreëls moet te alle tye eerbiedig word.
- 3.4.6 Stilte moet gehandhaaf word wanneer daar afkondigings gedoen word of afgesluit word.

3.5 Verbode aktiwiteite, middels, items en areas

Doelwit: Om voorkomende en regstellende stappe te neem in 'n poging om te verseker dat verbode aktiwiteite nie plaasvind nie en dat die gebruik van verbode middels tot die minimum beperk word.

3.5.1 Rook

Rook deur leerders op die skoolterrein, by skoolfunksies of in enige openbare plek waar hulle die skool verteenwoordig, word ten strengste verbied. Leerders mag ook geen sigarette, e-sigarette (VAPE) en/of tabak in hul besit hê terwyl hulle op die skoolterrein is nie. Dieselfde geld vir 'n leerder (nie-roker) wat in die teenwoordigheid is van 'n roker en dit nie rapporteer nie.

Rook/Vape:

Leerder wat gevind word rook/vape kan tot 7 dae tydelike skorsing ontvang asook -180 negatiewe punte.

Leerder wat in die teenwoordigheid is van iemand wat rook/vape sal -180 negatiewe punte toegeken word.

3.5.2 Drankgebruik en drankbesit

Die gebruik van alkoholiese drank en die indruk wat geskep word dat alkohol gebruik word deur leerders op die skoolterrein, by skoolfunksies of in enige openbare plek waar hulle die skool verteenwoordig word ten strengste verbied. Leerders mag ook geen drank in hulle besit hê terwyl hulle op die skoolterrein is nie. Hierdie is baie ernstige oortredings en leerders wat in hierdie verband oortree, stel hulle bloot aan streng dissiplinêre optrede volgens die voorgeskrewe dissiplinêre kode.

3.5.3 Dwelmgebruik

Die gebruik van dwelmmiddels van enige aard deur leerders op die skoolterrein, by skoolfunksies of in enige openbare plek waar hulle die skool verteenwoordig, word ten strengste verbied. Leerders mag ook geen dwelms in hulle besit hê of daarmee handel dryf nie.

Sou daar vermoede wees dat 'n leerder onder die invloed is, sal daar aan hom/haar 'n dwelm toets gegee word.

As dwelms gevind word aan 'n leerder sal dit onmiddellik verwyder word en ouers sal gekontak word.

Leerder oor die ouderdom van 18 sal oorgegee word aan die polisie.

3.5.4 Pornografiese materiaal

Leerders mag onder geen omstandighede pornografiese materiaal, of enige soortgelyke onaanvaarbare materiaal in hulle besit hê of die skoolterrein binnebring nie. Indien sodanige materiaal aan die persoon van 'n leerder gevind word, sal daarop beslag gelê word en sal dit as bewysstukke gebruik word.

3.5.5 Dobbelary

Dobbelary van enige aard deur leerders op die skoolterrein of terwyl in skooluniform, is verbode.

3.5.6 Okkultbedrywighede

Satanisme of okkultbedrywighede van enige aard deur leerders, word ten strengste verbied.

3.5.7 Gevaarlike voorwerpe

Geen leerder mag gevaarlike voorwerpe soos vuurwapens, messe, lemmetjies of spuitnaalde of items soos klappers, vuurhoutjies en aanstekers op die skoolterrein in hulle besit hê nie.

(3.5.2 – 3.5.7)

Enige leerder wat hierdie oortree sal -180 negatiewe punte toegeken word en kan tot 7 dae skorsing ontvang en asook voor die tugkomitee verskyn:

Drankgebruik/besit

Dwelmgebruik/besit

Pornografiese materiaal

Dobbelary

Okkult bedrywighede

Gevaarlike voorwerpe

3.6 Verbode areas

3.6.1 Die onderstaande areas op die skoolterrein is voor skool en gedurende pouses verbode vir leerders.

- 3.6.1.1 Klaskamers (behalwe onder toesig van 'n personeellid) en stoepe
- 3.6.1.2 Motorafdakke
- 3.6.1.3 Fiets- en motorfietsloods
- 3.6.1.4 Leerders mag nie op enige ongewone plek (skagte, ens) kom, inklim of opklim sonder toestemming en die teenwoordigheid van 'n personeellid nie.
- 3.6.1.5 Netbal- en tennisafdak.
- 3.6.1.6 Pawiljoen

3.7 Leerderveiligheid en –gesondheid

Doelwit: Om, so ver menslik moontlik, te verseker dat leerders in 'n veilige omgewing studeer en hul buitemuurse aktiwiteite beoefen.

3.7.1 Siekte/Beserings

- 3.7.1.1 Indien 'n leerder gedurende skoolure siek of beseer word, moet sodanige siekte of besering onmiddellik by die administratiewe kantoor gerapporteer word.
- 3.7.1.2 Leerders mag nie self hulle ouers skakel om huis toe te gaan nie. Toestemming hiervoor moet vanaf die administratiewe kantoor verkry word.

3.7.2 Afknouery

Leerders moet ten alle tye so optree dat hul eie sowel as ander leerders se veiligheid verseker is en mag hulle nie skuldig maak aan afknouery of onverantwoordelike of skadelike optrede teenoor ander leerders nie. Sodanige optredes word as baie ernstig beskou.

3.7.3 Gevaarlike optredes/handeling

- 3.7.3.1 Vuislanery of enige vorm van fisieke aanraking of dreigement daartoe, wat as aanranding beskou kan word, is ten strengste verbode.

- 3.7.3.2 Toegang tot gevaarlike areas waar leerders beseer kan word, is verbode.
- 3.7.3.3 Leerders met fietse, motorfietse of motors, moet hulle voertuie parkeer in die areas wat daarvoor geallokeer is en moet verkeersreëls, soos in die Padordonansie vervat, gehoorsaam en ordelik die skoolterrein binnekom.
- 3.7.3.4 Geen leerder sonder 'n wettige rybewys sal op die skoolterrein met 'n voertuig toegelaat word nie.

3.7.4 Oriënteringsprogram

- 3.7.4.1 'n Oriënteringsprogram vir nuwe leerders, sal alleenlik onder leiding van die komitee van die studenteraad belas met oriëntering, plaasvind.
- 3.7.4.2 Onder geen omstandighede word ontgroening van nuwe leerders in die skool toegelaat nie. Gevalle van oortreding moet aan die skoolhoof gerapporteer word, en sal in 'n ernstige lig beskou word.

3.8 Goeie maniere en menseverhouding

Doelwit: Om, as deel van die skool se opvoedingstaak, te verseker dat leerders basiese goeie maniere en positiewe menseverhoudings aanleer en uitdra.

3.8.1 Optrede teenoor teenoorgestelde geslag

Geen vryery deur leerders word op die skool- of sportterrein of op enige ander plek waar hulle met die skool geassosieer kan word, toegelaat nie.

3.8.2 Onwelvoeglike taal

Leerders mag nie vuil of onwelvoeglike taal op of buite die skoolterrein besig nie.

3.8.3 Hoflikheid

Leerders moet te alle tye hoflik en vriendelik teenoor onderwysers, administratiewe personeel, algemene assistente, besoekers en mede-leerders optree.

VOLLEDIGE SKOOLREËLS IS IN DIE HUISWERKBOEKIE BESKIKBAAR

AFDELING II – DISSIPLINÊRE KODE

4. VORMS VAN TUG

Tug- en strafmaatreëls sal opvoedkundig verantwoordbaar en in ooreenstemming met die aard en erns van die oortreding wees. Die volgende vorms van straf of kombinasies daarvan, sal gebruik word:

- 4.1 Berisping van die leerder;
- 4.2 Aantekening van oortreding op die leerder se verslagkaart;
- 4.3 Telefoniese kontak met die ouers/voogde van die leerder;
- 4.4 Skriftelike mededeling van die oortreding aan die ouers/voogde van die leerder;
- 4.5 Detensieklasse;
- 4.6 Versoek aan die ouers/voogde om die leerder by die skool te kom haal;
- 4.7 Verhaling van kostes vir skade berokken deur die leerder;
- 4.8 Skorsing van die leerder vir 'n tydperk;
- 4.9 Uitsetting van die leerder uit die skool;
- 4.10 Indien 'n leerder 'n gesagsposisie beklee of aspireer om in die toekoms 'n gesagsposisie te beklee en hom/haar skuldig maak aan die gebruik of besit van dwelms, drankmisbruik, rook, afskryf en/of stokkiesdraai, sal hy/sy onthef word van sy gesagsposisie en ook die voorreg ontnem word om in enige gesagsposisie aangestel te word. Enige leerder sal ook die voorreg ontnem word en uit sy posisie onthef word, asook die voorreg ontnem word om in enige gesagsposisie te dien indien hy skuldig bevind word aan wangedrag soos vervat in die Provinsiale Gazette no. 144, hetsy binne of buite skoolure. Wangedrag wat buite skoolaktiwiteite begaan is, ongeag of dit binne of buite die perseel en tydens of buite skoolure begaan is en enige gedrag binne of buite die skoolperseel begaan is en wat in skooluniform of gewone drag begaan is en wat die skool 'n slegte naam kan gee.

5. OORTREDINGS

- 5.1 Wangedrag by leerders word volgens Provinsiale Gazette no. 144 (4 Oktober 2000), hanteer:

KENNISGEWING 6903

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

SUID-AFRIKAANSE SKOLEWET, 1996 (WET NO. 84 VAN 1996)

KENNISGEWING INGEVOLGE A

**KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 9 (3): WANGEDRAG VAN
LEERDERS BY OPENBARE SKOLE EN DISSIPLINÊRE HANDELINGE**

Ek, Ignatius Jacobs, lid van die Uitvoerende Raad verantwoordelik vir onderwys in die provinsie Gauteng, bepaal hierby kragtens artikel 9(3) van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet No. 84 van 1996) –

- (a) die gedrag van 'n leerder by 'n openbare skool wat as ernstige wangedrag beskou word;
- (b) dissiplinêre handeling wat in sulke gevalle gevolg moet word; en
- (c) die behoorlike regsproses wat die belange van leerders en enige ander party betrokke by dissiplinêre verrigtinge beskerm,

soos in Bylae uiteengesit.

Gegee onder my hand te Johannesburg op hede die 4de dag van September twee duisend.

IGNATIUS JACOBS
LUR: Onderwys
PROVINSIE GAUTENG

BYLAE

Woordomskrywing

1. (1) Behoudens subparagraaf (2) en tensy uit die samehang anders blyk, het 'n woord wat in artikel 1 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996), omskryf is, dieselfde betekenis in hierdie kennisgewing.
- (2) In hierdie kennisgewing, tensy dit uit die samehang anders bly, beteken –
 - "aanklaer"** die hoof van die skool of 'n opvoeder wat deur die hoof aangestel is om die saak teen 'n leerder te stel;
 - "die Wet"** die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84) van 1996;
 - "dissiplinêre komitee"** 'n dissiplinêre komitee ingevolge paragraaf 4 aangestel;
 - "ernstige wangedrag"** wangedrag soos in Bylaes 1 en 2 vervat;

"kode" die gedragskode van 'n skool;

"skooldae" dae van die week, uitgesonderd Saterdag, Sondag, openbare vakansiedae en skoolvakansies;

"skorsing" –

- (a) dat 'n leerder nie geregtig is om 'n klas by die skool by te woon nie;
- (b) dat 'n leerder vir die tydperk van die skorsing nie geregtig is om 'n amp te beklee of enige pligte en funksies in enige toepaslike wet rakende skolebeheer bedoel, te verrig nie.
- (c) dat 'n leerder vir 'n tydperk van hoogstens een week nie die skool mag bywoon nie;

en het "skorsing" 'n ooreenstemmende betekenis;

"verteenwoordiger" 'n ouer van 'n leerder, 'n mede-leerder of enige ander persoon wat deur die leerder gekies is om die leerder by 'n dissiplinêre verhoor te verteenwoordig.

"voorlopige skorsing" dat 'n leerder voorlopig geskors kan word deur die hoof vanaf die tyd wanneer aanklagte van ernstige wangedrag teen 'n leerder aanhangig gemaak is totdat die uitslag van 'n billike verhoor deur 'n dissiplinêre komitee gefinaliseer is indien, na die mening van die hoof in oorleg met die departementshoof, dit in belang van die leerder of opvoeders en die skoolgemeenskap is. Met dien verstande dat die leerder onder behoorlike toesig met skoolwerk kan voortgaan
en

"wangedrag" wangedrag wat deur 'n leerder begaan is en dit sluit die volgende in:

- (a) wangedrag wat op die perseel van 'n skool begaan is, hetsy tydens of buite skoolure;
- (b) wangedrag wat buite enige skoolaktiwiteit begaan is, ongeag of dit binne of buite die skoolperseel en tydens of buite skoolure begaan is; en
- (c) enige gedrag wat in skooluniform of gewone drag en binne of buite die skoolperseel begaan is en wat –
 - (i) die skool 'n slegte naam kan gee;
 - (ii) inmeng met die bestuur, gesag en behoorlike administrasie van die skool;
 - (iii) inmeng met die toestande wat nodig is vir enige skoolaktiwiteit;
 - (iv) behoudens die redelike uitoefening van die reg om te vergader, te betoog, 'n betooglinie te vorm en petisies voor te lê soos in die Grondwet, 1996, en die kode bepaal, begaan word met die doel om enige persoon te verhinder om sy of haar regte, bevoegdhede of pligte as 'n lid van die skoolgemeenskap uit te oefen, of begaan word ter vergelding van sodanige uitoefening; of

- (v) deur die kode van die skool verbied word.

Toepassing

2. (1) Hierdie kennisgewing en enige kode wat daar kragtens gemaak word, is van toepassing op 'n leerder wat ten tye van die wangedrag wat die leerder na bewering begaan het, aan die dissipline van die skool onderworpe was.
- (2) 'n Leerder is aan die dissipline van die skool onderworpe indien die leerder as 'n leerder by 'n skool geregistreer is.

Instelling van dissiplinêre handeling wat skorsing of uitsetting tot gevolg kan hê

3. (1) Net die hoof kan dissiplinêre stappe teen 'n leerder doen ten opsigte van ernstige wangedrag.
- (2) Die hoof kan dissiplinêre stappe teen 'n leerder doen ten opsigte van ernstige wangedrag slegs indien –
- (a) daar voldoende getuienis is om sodanige stappe te doen; en
- (b) die hoof dit in belang van die skool en sy gemeenskap ag dat sodanige dissiplinêre stappe gedoen moet word.
- (3) Geen leerder mag uit die skool gesit word, tensy –
- (a) die leerder skuldig bevind word aan ernstige wangedrag in Bylae 2 van hierdie kennisgewing gespesifiseer; en
- (b) die bepalings rakende uitsetting nagekom word.
- (4) Leerders wat skuldig bevind is aan ernstige wangedrag in Bylae 1 van hierdie kennisgewing gespesifiseer, mag nie uitgesit word nie maar mag net geskors of voorlopig geskors word.
- (5) Die Departementshoof kan in uitsonderlike omstandighede 'n afwyking van subparagrafe (3) en (4) magtig.

Dissiplinêre komitee vir ernstige wangedrag

Die dissiplinêre komitee hou maandeliks (uitgesluit eksamen- en vakansiemaande) tugverhore.

4. (1) By kennisgewing deur die hoof aan 'n leerder dat dissiplinêre stappe teen daardie leerder gedoen word, moet die beheerliggaam 'n dissiplinêre komitee aanstel en een van die lede van die dissiplinêre komitee as voorsitter aanwys om die bewering van ernstige wangedrag te bereg.

- (2) Behoudens subparagraaf (3) bestaan die dissiplinêre komitee uit drie persone wat of persone is wat kwalifiseer vir verkiesing tot lede van die beheerliggaam.
- (3) Die aanstelling van persone in 'n dissiplinêre komitee is aan die volgende voorwaardes onderworpe:
 - (a) Die voorsitter van die dissiplinêre komitee moet 'n ouerlid of gemeenskaplid van die beheerliggaam wees;
 - (b) 'n Leerder van die skool mag nie lid van die dissiplinêre komitee wees nie; en
 - (c) Geen persoon mag in die dissiplinêre komitee aangestel word nie, indien die persoon persoonlike kennis van of enige belang by enige aangeleentheid voor die dissiplinêre komitee het.
- (4) 'n Lid van die uitvoerende komitee van die verteenwoordigende raad van leerders (VRL) mag die verhoor as 'n waarnemer bywoon.

Prosedure vir verhoor van ernstige wangedrag

5. (1) 'n Leerder wat van ernstige wangedrag aangekla word, is geregtig op 'n verhoor wat deur die dissiplinêre komitee bereg word.
- (2) 'n Leerder wat van ernstige wangedrag aangekla word, moet minstens 5 (vyf) skooldae skriftelike kennis gegee word van die verhoor vir die beweerde wangedrag, tensy –
 - (a) die beheerliggaam om goeie redes gelas dat 'n korter kennistydperk moet geld; en
 - (b) die leerder nie deur die korter kennistydperk benadeel sal word nie.
- (3) **Die kennisgewing in subparagraaf (2) bedoel, moet –**
 - (a) voldoende besonderhede bevat van die datum, plek en aard van die beweerde ernstige wangedrag sodat die leerder die onderhewige (relevante/spesifieke) voorval kan identifiseer en daarop kan reageer;
 - (b) die leerder in kennis stel van die aanklagte, plek, datum en tyd van die verhoor;
 - (c) die leerder in kennis stel van voorlopige skorsing, indien wel, die redes daarvoor en enige ander aangeleentheid wat in verband met die voorlopige skorsing nodig is; en

- (d) die leerder in kennis stel van die regte van 'n leerder hierkragtens.
- (4) Die hoof moet die kennisgewing in subparagraaf (2) bedoel, aan die leerder gee en 'n afskrif daarvan aan die ouers van die leerder lewer by die adres van die leerder soos in die skoolregister aangedui.
- (5) Minstens een van die ouers van die leerder moet die leerder by die verhoor vergesel, tensy die leerder 21 (een en twintig) jaar of ouer is.
- (6) Indien 'n lid van die dissiplinêre komitee, die leerder, sy of haar verteenwoordiger of 'n getuie 'n tolk benodig, mag die dissiplinêre komitee nie met die verhoor begin nie alvorens 'n tolk wat die betrokke taal vaardig is, beskikbaar gestel is: Met dien verstande dat dit nie nodig is om van 'n formeel gekwalifiseerde tolk gebruik te maak nie.
- (7) Indien die leerder versuim om voor die dissiplinêre komitee te verskyn na die behoorlike kennisgewing ingevolge subparagraaf (2) en sonder gegronde rede vir versuim om die verhoor by te woon, kan die verhoor in die afwesigheid van die leerder voortgaan.
- (8) Die dissiplinêre komitee moet 'n volledige en akkurate rekord van alle verrigtinge voor hom hou.
- (9) Die aanklaer moet die verrigtinge by die verhoor begin deur die aanklag teen die leerder uiteen te sit en daarna die saak teen die leerder te stel.
- (10) Die voorsitter van die dissiplinêre komitee moet die leerder vra of die leerder skuldig of onskuldig pleit op die aanklag. Die leerder moet daarop antwoord. Indien die leerder versuim om te antwoord, word die leerder geag onskuldig te gepleit het op die aanklag.
- (11) Indien die leerder skuldig pleit op die aanklag –**
- (a) moet die voorsitter die leerder ondervra met verwysing na die beweerde feite wat die wangedrag uitmaak, soos deur die aanklaer uiteengesit, ten einde die dissiplinêre komitee te oortuig dat die leerder inderdaad skuldig is aan die aanklag;
- (b) moet die voorsitter, indien dit tydens die ondervraging van die leerder blyk dat die leerder se weergawe wesenlik verskil van die feite soos deur die aanklaer uiteengesit, of indien die voorsitter nie oortuig is dat die leerder skuldig is aan die aanklag nie, 'n pleit van onskuldig ten opsigte van die aanklag namens die leerder aanteken;

- (c) moet die dissiplinêre komitee, indien die dissiplinêre komitee of die meerderheid van sy lede oortuig is dat die leerder skuldig is aan die aanklag, die leerder skuldig bevind aan die aanklag.

(12) Indien die leerder onskuldig pleit op die aanklag –

- (a) kan die aanklaer getuies roep of ander getuienis onder eed aanbied ten opsigte van die bewerings teen die leerder;
 - (b) kan die leerder of die verteenwoordiger van die leerder enige getuie ondervra en enige getuienis wat deur die aanklaer aangebied is, ondersoek;
 - (c) kan die leerder of die verteenwoordiger van die leerder, nadat al die getuienis teen die leerder aangebied is, getuienis roep of ander getuienis onder eed aanbied ter staving van die verdediging;
 - (d) kan die aanklaer enige getuie ondervra en enige getuienis wat namens die leerder aangebied is, ondersoek;
 - (e) kan die dissiplinêre komitee te eniger tyd enige getuienis wat namens die leerder aangebied is, ondersoek;
 - (f) kan eers die aanklaer en dan die leerder of die verteenwoordiger van die leerder, nadat al die getuienis aangebied is, die dissiplinêre komitee toespreek oor die skuld al dan nie van die leerder;
 - (g) moet die dissiplinêre komitee daarna die verhoor verdaag vir hoogstens 2 (twee) skooldae na 'n bepaalde plek, datum en tyd ten einde te besluit of die leerder volgens oorwig van waarskynlikheid skuldig of onskuldig is op die aanklag; en
- (13) Indien die leerder skuldig bevind word aan die aanklag, kan die aanklaer en die leerder of die leerder se verteenwoordiger bewys aan die dissiplinêre komitee lewer wat relevant is tot 'n toepaslike straf, wat kan insluit maar nie beperk is nie tot bewys van die persoonlike omstandighede van die leerder, die leerder se algehele rekord van gedrag in die verlede by sy skool, die aard en erns van die onderhawige wangedrag en die belange van die skoolgemeenskap.
- (14) Onmiddellik nadat enige bewys wat kragtens subparagraaf (13) gelewer is, moet die dissiplinêre komitee 'n straf aan die leerder oplê kragtens die kode en hierdie kennisgewing, en die leerder skriftelik daarvan verwittig.
- (15) Indien die dissiplinêre komitee besluit dat die leerder uit die skool gesit moet word, moet dit 'n aanbeveling in dier voege aan die Afdelingshoof maak en kan die komitee, in oorleg met die Afdelingshoof, die leerder van die skool skors, hangende die beslissing van die Afdelingshoof of die leerder uit die skool gesit moet word.

Nog bepalinge met uitsetting

6. (1) Waar 'n dissiplinêre komitee kragtens subparagraaf 5 (15) 'n leerder verbied om die skool by te woon met die oog op uitsetting deur die Afdelingshoof, moet die dissiplinêre komitee die skoolhoof opdrag gee om die volledige rekord van verrigtinge aan die Afdelingshoof voor te lê, asook 'n verslag wat opgestel is deur die dissiplinêre komitee ten opsigte van die leerder.
- (2) Die verslag in subparagraaf (1) bedoel met ten minste die volgende insluit –
- (a) die volle naam, geboortedatum en graad van die leerder;
 - (b) 'n opsomming van die bewys wat deur die aanklaer en die leerder gelewer is; en
 - (c) 'n opsomming van die bevindings van die dissiplinêre komitee met betrekking tot die bewys en die vonnis wat deur die komitee voorgestel is.
- (3) Nadat die volledige rekord van die verrigtinge en die verslag in subparagraaf (1) bedoel, en binne 5 (vyf) dae nadat die Afdelingshoof van die beslissing van die dissiplinêre komitee in kennis gestel is, moet hy:
- (a) die leerder uitsit;
 - (b) 'n geringer straf soos deur die kode en hierdie kennisgewing toegelaat aan die leerder oplê, of
 - (c) die leerder onskuldig bevind;
- en die regerende liggaam, die leerder, die ouers en die verteenwoordiger van die leerder in kennis stel van die beslissing deur, in die geval van die leerder, ouers en verteenwoordiger, 'n afskrif van die kennisgewing te lewer by die leerder se adres soos in die skoolregister aangedui.
- (4) Die kennisgewing soos in subparagraaf (2) bedoel, moet 'n verwysing insluit na die reg tot 'n appél tot die Lid van die Uitvoerende Komitee indien die Afdelingshoof 'n leerder uitsit.
- (5) Indien die Afdelingshoof 'n leerder uitsit wat die verpligte skoolouderdom bereik het, moet die Afdelingshoof –
- (a) verseker dat die leerder by 'n ander skool of leersentrum in die provinsie toegelaat word;
 - (b) daarop aandring dat die leerder berading ontvang; en
 - (c) gereelde vorderingsverslae ontvang ten opsigte van enige berading soos in paragraaf (b) bedoel.

- (6) Indien die Afdelingshoof 'n leerder uitsit wat nog nie die verpligte skoolouderdom bereik het nie, kan die Afdelingshoof gelas dat die leerder nie by 'n ander skool in die provinsie hertoegelaat word nie.

Skorsing en uitsetting uit 'n koshuis

- (7) (1) Die bepalinge van paragraaf 3, 4, 5 en 6 is ook van toepassing op die skorsing en uitsetting van 'n leerder uit 'n koshuis.
- (2) Indien 'n leerder wat in 'n koshuis bly, geskors of uit 'n skool gesit word waaraan die koshuis verbonde is, sal die leerder geag word ook uit die koshuis gesit te wees.
- (3) 'n Leerder kan uit 'n koshuis geskors of gesit word sonder om geskors te wees uit die skool waaraan die koshuis verbonde is.

Appél teen beslissing van die Afdelingshoof om 'n leerder uit te sit

- (8) (1) 'n Leerder of die ouer van 'n leerder kan 'n appél rig tot die Lid van die Uitvoerende Raad teen –
- (a) enige skuldbevinding deur die Afdelingshoof ten opsigte waarvan 'n straf of uitsetting opgelê is;
- (b) 'n boete wat deur die Afdelingshoof opgelê is, en
- (c) 'n bevel deur die Afdelingshoof kragtens subparagraaf 6 (5).
- (2) 'n Leerder of die ouer van 'n leerder wat teen 'n beslissing wil appèlleer soos in subparagraaf (1) oorweeg, moet binne 14 (veertien) dae van die verwittiging kragtens subparagraaf 6 (2) van die beslissing, 'n kennisgewing van appèl per hand aan die kantoor van die Lid van die Uitvoerende Raad lewer.
- (3) Tensy die Lid van die Uitvoerende Raad op gegronde rede dit andersins gelas, sal die aantekening van 'n appèl nie tot gevolg hê die opskorting van die boete wat deur die Afdelingshoof opgelê is nie.
- (4) Binne 5 (vyf) dae van die ontvangs van die kennisgewing van appèl, moet die Lid van die Uitvoerende Raad die Afdelingshoof en die regerende liggaam in kennis stel van die aantekening van die appèl en hulle van 'n afskrif daarvan voorsien.
- (5) Binne 5 (vyf) dae van die ontvangs van die kennisgewing van appèl deur die Lid van die Uitvoerende Raad, kan die Afdelingshoof en die regerende liggaam skriftelik op die kennisgewing van appèl reageer en die redes stel waarom die appèl afgewys moet word.

- (6) Binne 5 (vyf) dae van ontvangs van die voorleggings in subparagraaf (5) bedoel, moet die Lid van die Uitvoerende Raad
- (a) die appèl afwys;
 - (b) die leerder 'n geringer straf kragtens die kode en hierdie kennisgewing oplê;
 - (c) enige ander strafbepaling wat deur die Lid van die Uitvoerende Raad as geskik geag word, oplê; of
 - (d) die leerder onskuldig bevind en die leerder, ouers en die verteenwoordiger van die leerder en die Afdelingshoof van die beslissing verwittig.
 - (e) Die beslissing deur die Lid van die Uitvoerende Raad ten opsigte van die appèl sal finaal wees.

BYLAE 1

(ERNSTIGE WANGEDRAG WAT SKORSING TOT GEVOLG KAN HÊ)

'n Leerder sal aan ernstige wangedrag skuldig wees indien hy of sy, opsetlike en sonder gegronde rede –

- (a) leer of onderrig in 'n klas ernstig bedreig, ontwrig of frustreer;
- (b) aan 'n sameswering deelneem om die behoorlike funksionering van die skool deur kollektiewe aksie te ontwrig;
- (c) die waardigheid van enige leerder aantas of enige leerder of ander persoon belaster, waaronder ook die maak van rassistiese aanmerkings;
- (d) enige toets- of eksamenmateriaal versprei of besit wat iemand anders in staat kan stel om 'n onregverdige voorsprong in 'n toets of eksamen te verkry;
- (e) in 'n toets of eksamen of enige ander vorm van beoordeling, soos take, kul;
- (f) aan enige daad van openbare onsedelikheid deelneem;
- (g) iemand anders seksueel teister;
- (h) in besit gevind word van pornografiese materiaal of dit versprei; of
- (i) onder die invloed is van, of in besit is, van alkohol.

DISSIPLINÊRE STELSEL VIR MINDER ERNSTIGE OORTREDINGS

Die doel van die dissiplinêre stelsel is die skep van 'n opvoedkundige atmosfeer by Hoërskool Driehoek waarbinne leerders en opvoeders, hulle reg om onderrig te ontvang en te onderrig, behoorlik kan uitoefen. Die stelsel is nie net gemik daarop om negatiewe optredes te straf nie, maar ook om positiewe optredes te bevorder.

1. OORTREDINGS EN PROSEDURES DAARNA

1.1 OORTREDINGS

Oortredings word in twee groepe verdeel, nl. akademiese- en gedragsoortredings.

Akademiese oortredings

Hierdie oortredings word apart deur die vakonderwyser volgens voorskrifte hanteer en elke vakonderwyser sal self die ouers kontak.

Gedragsoortredings

KODE	OORTREDING	PUNTETOEKENNING
09	Onvolledige/nie korrekte skooldrag	-20
10	Laatkom (4 min)	-10
11	Oortreding van 'n skoolreël	-20
12	Kru taalgebruik	-30
13	Nie in toesigklas/saal/voogperiode	-30
*16	Stokkiesdraai (wegbly van skool)	-100
*18	Alle wangedrag soos genoem in Bylaag 1 van die Skool se Gedrags- en Dissiplinêre kode	-120
*19	Alle wangedrag soos genoem in Bylaag 2 van die Skool se Gedrags- en Dissiplinêre kode	-180
*21	Nie gerook maar saam met die groep	-90
*30	Daag nie op vir detensie nie	-60
42	Oneerlik met betrekking tot uitteken / Afwesighede	-90
45	Daag nie op vir sportwedstryde sonder verskoning	-60
*67	Observasievorm (Tuis vergeet/nie voltooi nie)	-60
71	Gebruik van selfoon in klas	-30

Oortredings met * kan nie deur positiewe punte gekanseleer word nie. Dis slegs 'n opsomming en bly onderhewig aan gedragskode soos ontvang en geteken deur elke leerder.

1.2 PROSEDURES

- * Elke graad (Departementshoof) hanteer hierdie graad se oortredings, hetsy gedrags- of akademiese oortredings.
- * Oortredings word op 'n puntebasis toegeken met verskillende gesigswaardes vir verskillende oortredings.
- * Enige oortreding in klasverband word op aanmeldingsbriefie ingeskryf.
- * Ander oortredings word dadelik aangemeld.
- * Gee oortredingsbriefies elke Maandag tydens registerperiode aan graadhoof.
- * Wanneer 'n leerder 'n puntewaarde van -60 bereik, word sodanige leerder geboek vir detensie op 'n vorm waarop die ouer ook moet teken. Detensie vind plaas op Maandae vanaf 14:00 tot 16:00.
- * Met 'n puntetotaal van -120 volg 'n tweede detensie en word die leerder se ouers gekontak vir 'n onderhoud met die hoof of adjunkhoof.
- * Met 'n puntetotaal van -180 word hierdie herhaalde oortredings as wangedrag beskou en verskyn die leerder voor 'n tugkomitee, wat bestaan uit lede van die Beheerliggaam. Hierdie tugkomitee het die reg om die leerder tydelik of permanent van enige skoolaktiwiteit te weerhou.

1.3 PROSEDURES TEN OPSIGTE VAN DIE TUGVERHOOR DEUR DIE BEHEERLIGGAAM

Prosedures vir 'n tugverhoor geld soos in Afdeling 5, subparagraaf (1) – (15) van die Provinsiale Gazette van 4 Oktober 2000.

1.4 POSITIEWE OPTREDES

Leerders kan ook positiewe punte behaal en kredietpunte opbou.

Lys van positiewe punte, plus hulle puntwaardes:

KODE	AKTIWITEIT	PUNTETOEKENNING
50	Deelname per sport	+60
51	Deelname per kultuuraktiwiteit	+60
52	Bywoning/ondersteun kultuur-/sportaktiwiteite	+30
53	Hulp in skoolverband (bv. merk van bane)	+10
54	Hulp met Interlaer/Interharte byeenkoms	+60
55	Volle teenwoordigheid Interharte	+20
56	Super 16-toeskouer	+20
60	Eerlikheid (Inhandiging van verlore items)	+30
61	Eerlikheid (Aanmelding van wangedrag)	+60
OPD	Opedag helpers	+20

Leerders wat 'n puntetotaal van 50 bereik vir positiewe optrede sal beloon word soos deur die hoof bepaal.

Punte deur leerders behaal is slegs vir een skooljaar geldig en word nie oorgedra na die volgende skooljaar nie. Die totaal van die punte sal wel aan die einde van die skooljaar op sy voogkaart aangebring word.

1.5 AANPASSING EN WYSIGINGS

Die gedrags- en dissiplinêre kode word op 'n kontinue basis geëvalueer na aanleiding van kommentaar en studie waarna aanvullings, aanpassings of wysigings aangebring word. Bylaes sal skriftelik aan ouers gestuur word en moet telkens by hierdie kode geïnkorporeer word.

BYLAE 2

(ERNSTIGE WANGEDRAG WAT TOT UITSETTING KAN LEI)

'n Leerder is skuldig aan ernstige wangedrag as hy of sy –

- (a) skuldig bevind is aan wangedrag soos aangedui in bylae 1 en skuldig bevind is om soortgelyke of dieselfde wangedrag op twee vorige geleenthede;
- (b) versuim om aan skorsing as 'n straf te voldoen as korrektiewe maatreël, of
- (c) doelbewus en sonder geldige verskoning
 - i) vervalsing van enige dokument of handtekening tot die potensiële of werklike nadeel van die skool,
 - ii) handel in toets- of eksamen vraestel of in enige toets of eksamen materiaal,
 - ii) poging tot omkoop of omkoop van enige persoon met betrekking tot toetse of eksamens om homself of haarself of 'n ander persoon 'n onbillike voorsprong daarin te gee,
 - iv) betrokke in bedrog,
 - v) betrokke met diefstal of enige oneerlike handeling tot benadeling van 'n ander persoon,
 - vi) in besit van, of, gebruik van of handel in enige onwettige middel of enige skadelike middel,
 - vii) in besit van, of, gebruik van of oordrag van narkotiese of onwettige dwelms, of sigbare getuie van besit van, gebruik of oordrag,
 - viii) in besit van gevaarlike wapens,
 - ix) aanranding of dreigement tot aanranding van 'n ander persoon,
 - x) hou enige persoon gyselaar,
 - xi) vermoor enige persoon,
 - xii) verkrag enige persoon, of is betrokke in 'n seksuele aktiwiteit wat teen die wet is, of
 - xiii) opsetlike saak beskadiging.